# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## *Vertrou en wag op ons Getroue Verbondsgod alleen*

**Skriflesing:** Jeremia 14
**Teksvers:** Jeremia 14:20-21

**Sing**:
Ps 115:1,7,8
Ps 103:2,9
Ps 84:2
Ps 130:1,2,3
Ps 131:1,2,3
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Nicolai vd Merwe
**Klank**: Hein Kaiser
**Prediker**: Ds Paul vd Berg

In hierdie hoofstuk kondig die Here aan dat Hy sy rug op Israel gaan keer. Hy gaan nie meer na hulle gebede en hulle smekinge luister nie. Hulle het die tyd van genade verspeel. Jeremia pleit by die Here vir sy verwerpte volk. Hy vra of die Here sy volk dan nou heeltemal verwerp het? Walg die Here as Hy aan hulle dink?

Jeremia bely dat die Here se volk opstandig was; dat hulle teen die Here gesondig het; dat selfs hulle voorvaders skuldig was.

Jeremia doen 'n beroep bloot op die Here se Naam alleen. Hy pleit dat die Here sy volk tog nie sal verwerp nie; dat die plek, waar die Here in sy magtige teenwoordigheid regeer, nie verag sal word nie. Hy beroep Hom op die Here se verbond met hulle en dat Hy sy verbond met hulle tog nie sal prysgee nie!

**SONDAGAAND 18:00**

## *Kan jou geliefdes teen gevare beskerm word?*

**Skriflesing:** Job 1

**Teksvers:** Job 1:4 en 5

**Sing:**
Sb 5-3:1,4,5
Ps 40:3,4
Ps 51:1,8
Sb 1-2:1,2,3
Sb 13-2

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Nicolai vd Merwe
**Klank**: Thinus Smuts
**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Job was in sy tyd in die destydse Ooste die belangrikste man. Verder het die Here gesê dat Job se gelyke nie op aarde gekry sal word nie: "*hy was vroom en opreg, hy het die Here gedien en die kwaad vermy*." Ten spyte van sy welvaart en belangrikheid, het Job die Here vroom en opreg gedien. Hy was 'n toegewyde pa en het telkens by die Here ingetree vir sy kinders wat dalk gesondig het.

So het dit gebeur dat Job se sewe seuns om die beurt partytjies gehou het in mekaar se huise. Dan het hulle, hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier. Job het dan elke keer na so 'n reeks partytjies sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig. Vroeg die môre na die partytjies het Job vir hulle almal 'n brandoffer gebring. Job het dit gedoen uit vrees dat sy kinders dalk gesondig het en God in hulle gedagtes gevloek het.

Ten spyte van al Job se versoenende optrede ter wille van én in belang van sy kinders, het al 10 sy kinders op een slag gesterf. Was sy optrede dan nutteloos en tevergeefs? Het die offers nie gehelp nie? Wat is dan nodig om jou geliefdes teen gevare te beskerm?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 43 Nr 32 14 Oktober 2018**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


# Noodsaaklik, maar swaar

Wat is in die lewe van 'n gelowige noodsaaklik, terwyl dit terselfdertyd sleg en onaangenaam mag wees?

Spreuke 10:17 sê: "*Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe; wie teregwysing verwerp, dwaal van dié pad af*." Ja dit is verseker nie maklik om iemand tereg te wys nie, om nie eens daarvan te praat om self deur ander tereg gewys te word nie.

Teregwysing is noodsaaklik vir elke gelowige, maar dit is ook baie moeilik om tereg gewys te word.

So maklik sien ons die verkeerde in ander mense se lewens, maar dit is moeilik om die verkeerde in my eie lewe raak te sien en te erken. Nog moeiliker as iemand gedring deur die Heilige Gees met my kom praat oor verkeerde dinge in my lewe.

Dit is so belangrik om iemand wat gesondig het, en op 'n dwaalpad is, te vermaan. Vermaning en bemoediging word altyd saam gedoen. Soms is daar meer aanmoediging nodig as vermaning en soms is dit net anders om. Die een kan egter nie sonder die ander gebruik word nie.

Ons vermaan mekaar en stel onsself oop vir vermaning, omdat ons mekaar nie net kan oorlaat aan ons eie lot nie. Dán sal ons verlore gaan.

Vermaning hou egter in dat ons dit in 'n gees van sagmoedigheid sal doen. So sê Galasiërs 6:1: "*Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom*."

Verder sê Hebreërs 12:11 vir ons: "*Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug, naamlik vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.*"

Mag jy met 'n sagte hart ander gelowiges vermaan en mag jy deur die werk van die Heilige Gees jouself oopstel om self in liefde vermaan te word.

Ds Paul

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ons gee om ...

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Telefoon: 012 664 2614 Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004 Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za** 0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

**Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: admin@gkcenturion.co.za**

**DIENSBEURTE**: Ouderlinge: Hein Greyling Alethea : Pieter Wolmarans
Diaken: Juan Nagel

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** **www.gkcenturion.co.za**

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

**KATKISASIE**: Vandag: Les 22; Ps 8:1
Volgende week: Les 23; Ps 8:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr)**: Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 417






## *VERJAARSDAE*

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14 Okt | Annelie | Etsebeth | B13 | 073 335 5944 |
| | Simone | Jv Rensburg | C03 | 664 1530 |
| | Nadia | Nel | B19 | 083 384 2886 |
| | Nelia | Prinsloo | A02 | 664 4368 |
| | Hanro | Steenekamp | C15 | 082 942 2440 |
| | Michiel | van Rooy | C04 | 663 9187 |
| | Andrea | Zaayman | C01 | 072 990 6432 |
| 15 Okt | José | Coelho | A04 | 082 331 8622 |
| | Bertie | Stavast | C09 | 082 785 5475 |
| 17 Okt | Vian | de Villiers | A12 | 072 538 8870 |
| | Lizet | du Preez | B06 | 083 577 6205 |
| | Marieta | Fourie | C05 | 082 776 7151 |
| | Marinus | Schutte | C10 | 078 800 4631 |
| 18 Okt | Ben | vd Walt | A11 | 664-3202 |
| 20 Okt | Cornel | Heystek | C09 | 072 158 4590 |



***DOOPLIDMATE***


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14 Okt | Gideon | Cronjé | C05 | 082 784 8556 |
| 16 Okt | Ian | Gerber | C14 | 082 327 2949 |

**Verblyf vir damesstudente** beskikbaar op die NWU-kampus by GK Cachet se gemeentesentrum.
- Koste R2100/persoon wat 'n kamer deel.
- W&I, internet, parkering, skoonmaakdiens ingesluit.
- Daar is twee plekke beskikbaar.

Ds Brahm by 064 656 1374

**TEESKINKBEURTE**

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**14 Oktober**
B04 Helene Kruger
B05 Hester van der Merwe
B08 Anneri Jankowski
B09 Rika Pretorius
C11 Erna Olivier

**21 Oktober**
B10 Anita Snyman
A10 Louise van Niekerk
A14 Gwendy Gourley
B12 Cora Badenhorst
B13 Mieke van der Smit
B14 Karin Venter

## Senior Funksie

Alle lidmate van 65 jaar en ouer word hartlik uitgenooi na 'n heerlike fyn-tee-en-kuier geselligheid op **Saterdag, 27 Oktober om 9:30** in die Kerksaal. Kom kuier saam en verlustig jou in musikale herinneringe uit vervloë dae.

Bevestig asb. by die kerkkantoor voor Sondag, 21 Oktober.

Vriendelike groete

Die Susters en Diakonie



**GK LYTTELTON BASAAR**

**26 Okt vanaf 09:00 en 27 Oktober**

Kom geniet varsgebak, teetuin, naaldwerk, vars groente en vele meer.

Vrydag—Boerebraai vanaf 17:30

Saterdag—Plaasontbyt

## Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal
met

# Voices Div!ne

## Voorprogram

Midstream College Primary Grace ensemble Acapella groep

Centurion Christelike Laerskool

Koor van Eldoraigne Hoërskool

Amici koor

## Hoofprogram



## Massakoor

## 27 Oktober 2018
## 17:00

Leriba hotel group

245 Endstr Clubview

**Toegang R150 Volwassenes**
**R50 Skoliere**

**Vanaf 14:00**
**Allerlei Stalletjies**
**Wynproe**
**Kontant kroeg**

**Betaalwyse**
Betaal in by ABSA Bank
Rek nr 4058212326
**of via Zapper**

**Verwysing** : Leriba + naam
E-pos bewys na
kerkkantoor@gkrhk.org.za
Gee ook asb kontakbesonderhede
vir afhaal van kaartjies



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6*

- Albie Venter het 'n draai in die hospitaal gemaak (B16—664 1117).
- Poppie Brits gaan behandeling ontvang (C8—665 4345).
- Theo Venter sterk tuis aan na 'n motorfietsongeluk (A2—664 4715).
- Helena vd Merwe se gesondheid het baie agteruit gegaan (A6—664 8087).
- Meelewing word betuig met:
  - Aster en Bettie Viljoen; IG en Alida Viljoen na die afsterwe en begrafnis van Henri.
  - Riana Crafford en gesin na die afsterwe van Christo. Troosdiens is vanmiddag om 14:30 te GK Centurion.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Geluk*

Hennie en Annelise Jooste met die geboorte van hul eersteling, Lisa

# *Vergaderings*

- 15 Okt—Bedieningskommissie 18:00
- 16 Okt—Evangelisasie kommissie 19:00
- 17 Okt—Jaarbeplanningsvergadering 18:00 (Alle kommissie voorsitters of 'n afgevaardigde wat besluite kan neem.)

## BEROEPE AANVAAR

Ds MJ Lourens (Thys) van Vaalpark na Nelspruit/Barberton kombinasie.

**KOLLEKTES**

**Vandag** tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Emeritaatsversorging

*Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie*

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid By die deure: Biblos

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie**

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

**Algemene herstelwerk** aan huise en geboue, ook **veiligheidshekke** en diefwering. Kontak Hennie vd Walt by 0829274326 of hj2vdwalt@gmail.com.

**Te huur:** Grondeenheid meenthuis. 3 Sk, 2 bk, kombuis, ruim leef area, dubbel mh en tuin met stoep. Vanaf 01 Okt, R8 500pm. Swembad en groot kuier area met lapa. Kontak Heila by 0833163781.

**Ruim kamer te huur** in deelhuis met Wi-fi en Dstv R2500pm. Onderdak parkering Enkel persoon. Sober gewoontes, geen diere. Judy 0828546499/6642222.

**Au Pair posisie** Centurion (Jan tot Nov 2019) skool vakansies uitgesluit. Ma – Do. 2 kinders: 11jr en 16jr. Rondry na buitemuurse aktiwiteite, help met huiswerk. Benodig eie voertuig. Erika vd Wateren 082 450 0923.

Wil jy fiks en soepel word of bly? Kontak Elmé vir **pilatesklasse** by 060 994 8023.

**Ruim Tuinwoonstel te huur** R5500pm (w&l ingesluit), Alanweg, Eldoraigne. 1 Sk, vol b/k; oopplan sit-; eetkamer; kombuis. Onderdak parkering. Alarmstelsel. Geen kinders of troeteldiere. Phia Lombard 083 454 9358.

**TOPIA Saambid - en Kuiergeleentheid**

Jy word hartlik uitgenooi na 'n TOPIA saambid - en kuiergeleentheid. Ons gaan terugvoer gee oor wat by TOPIA gebeur. Daarna gaan ons saam die Here dank en voorbidding doen. Ons wil ook saam kuier en iets saam drink en eet. Bring asseblief 'n bordjie eetgoed. Laat weet asseblief vir Lizanne Aucamp of ons jou daar kan verwag.

Waar: GK Meyerspark
Wanneer: Vrydag 19 Oktober 2018
Hoe laat: 19:00
Kontak: Lizanne Aucamp by 084 555 1890

Heer, in die stilte van hierdie oggenduur aan die begin van 'n nuwe dag, kom ek na U toe vir vrede, vir wysheid en vir krag.
Help my om die wêreld vandag te sien met oë van liefde en om altyd geduldig, begrypend en sag te wees.




## Eljada Huis

Eljada Huis verkeer steeds in NOOD vir die volgende benodigdhede: suiker, koffie, pasta, boksmelk, nie-bederfbare blikkies of pakkies, tee, ontbytpap, broodsmere, en toiletware.

Gemeentelede word gevra om net EEN blikkie, bottel of pakkie elke Sondag by die kerk af te gee. Indien al die gemeentes se lidmate dit doen sal daar nooit weer NOOD by Eljada Huis wees nie en sal die kaste kreun van voorrade.

Die Desember skoolvakansie lê om die draai en daar is geen reserwes op die stadium beskikbaar nie. U hulp hierin sal werklik waardeer word.

Ons wil u ook uitnooi om Saterdag, 1 November, die oggend, 'n paar uur af te knyp en die Eljada Opedag te gaan bywoon sodat u self kan beleef wat by die Huis gedoen word. Hou asb die datum oop en die nuusbrief dop vir verdere inligting.

U kan Eljada se nuusbrief maandeliks op die webtuiste van ons gemeente onder Diakonie gaan lees. Indien u self die nuusbrief wil ontvang, kontak Petra.

Petra Swanepoel: petraswa@gmail.com / 0829277324



## "… *MAAR DIE WOORD VAN GOD IS NIE GEBOEI NIE*"

Dit het die apostel Paulus aan Timoteus geskryf (2 Tim. 2:7b).

CROSSROADS
PRISON MINISTRIES | SOUTH AFRICA

Paulus het ter wille van die evangelie van Jesus Christus verdrukkinge gely tot selfs gevangenskap soos 'n misdadiger (2 Tim. 2:7a). Terwyl hy geen misdadiger was nie.

Die Woord van God kan ook tot vandag toe nie geboei word nie en bereik mense oor die hele wêreld, selfs misdadigers in tronke.

As jy meer daarvan wil hoor, moet jy op **Sondagaand, 21 Oktober** na die aanddiens na mnr. Arie van der Kruk kom luister wat die gemeente wil vertel hoe die Woord van God tot in die gevangenis kom en harte van gevangenes breek en verander, sodat gevangenes volgelinge van Jesus word.

Arie is 'n sendingwerker by CROSSROADS Gevangenis Bediening. Hy besoek daagliks gevangenes in tronke en vertel hulle die GOEIE NUUS. Gevangenes wat 'n verlange het om meer van die Bybel te leer, skryf in vir korrespondensie kursusse en so leer hulle van sonde, redding en vryspraak deur Christus. Arie en ander werkers neem die lesse na die gevangenes en neem voltooide lesse saam om nagesien te word.

Mense wat die werk doen word MENTORS genoem. Vrywillig, sonder vergoeding, gedrewe deur die begeerte om God en hulle naaste te dien, kry hulle weekliks een of twee lesse om na te sien en sinvolle aanvullings te maak. Dit is nie altyd maklik nie, daarom is dit so belangrik om dit biddend te doen onder die leiding van die Heilige Gees.

Tenslotte word daar by elke les 'n persoonlike brief vir die gevangene geskryf. As jy weet dat baie gevangenes nooit persoonlike briewe ontvang nie, sal jy verstaan dat die briewe baie vir hulle beteken.

Op die lesse is ook plek om nota's, kommentaar en gebedsversoeke te skryf. Kommentaar en gebedsversoeke is soms ontroerend; 'n gevangene het gevra dat daar asseblief vir sy familie gebid sal word sodat hulle met die Woord van God in aanraking kan kom en die Here persoonlik sal leer ken. 'n Ander gevangene het gevra vir 'n Bybel vir sy vriend met wie hy saam Bybelstudie doen en wat nie self 'n Bybel het nie.

In ons gemeente is reeds 'n paar mentors wat die werk doen, maar daar is meer mense nodig. Dalk word jou hart geraak as jy na Arie luister en wil jy ook 'n mentor word, dan kan jy jouself aanmeld vir die opleiding en om die nodige materiaal te kry.

Almal is baie welkom om na Arie te kom luister. Daar is ook 'n groot behoefte aan Bybels om aan die gevangenes te gee. Een Bybel kos R50. As jy dalk wil help, kan jy 'n donasie van R50,- saambring. Ons hoop die kerk gaan vol wees op daardie Sondagaand.

Mieke van der Smit (074 667 7777)